**Wêreldonderwysersdag: Werp die kollig op welstand van onderwysers**

**Shannon Bishop-Swart***

Die tema van vanjaar se Wêreldonderwysersdag, wat jaarliks op 5 Oktober gehou word om onderwysers regoor die wêreld te vier, is "Waardeer die stem van die onderwyser: beweeg in die rigting van ʼn nuwe sosiale kontrak". Ten einde onderwysers se kardinale rol in die vorming, koestering en aansporing van onderwys en die toekomstige opvoedkundige vordering van hul leerders ten volle te benut, is dit van deurslaggewende belang dat hul stemme gehoor en waardeer moet word in die besluitnemingsprosesse wat hul beroep raak.

Volgens die Verenigde Nasies se Kultuuragentskap, Unesco, is Wêreldonderwysersdag "ʼn dag om te vier hoe onderwysers onderwys transformeer, maar ook om te besin oor die ondersteuning wat hulle nodig het om hul talent en roeping ten volle uit te leef, en om opnuut oor die pad vorentoe vir die beroep wêreldwyd te besin". Hierdie fokus is veral van toepassing op onderwysers vandag, met onderwysnavorsing wat gereeld die aandag vestig op die kompleksiteit van onderwysers se emosionele reaksies in tye van verandering wanneer hulle hoër as gemiddelde vlakke van stres en onsekerheid ervaar.

Die wêreldmedia berig gereeld oor uitbranding onder onderwysers, wat dikwels meebring dat hulle die beroep voortydig verlaat. Die groot ontwrigtings oor opvoedkundige instellings heen as gevolg van die COVID-19-pandemie en die daaropvolgende inperkingsmaatreëls het reeds bestaande ongelykhede in onderwys blootgelê. Maar die pandemie het tegelyk die aandag gevestig op die dikwels verwaarloosde en kritieke kwessie van geestesgesondheid en welstand.

Die huidige verwagtinge wat aan onderwysers gestel word, is veelvuldig en kompleks. Onderwysers verrig tans baie rolle, van vakinhoudspesialiste tot beraders, maar daar word toenemend van hulle vereis om bykomende take aan te neem terwyl hulle by voortdurend veranderende omgewings aanpas, hetsy klimaatsgewys, sosiaal, polities, tegnologies of persoonlik. Onderwysers is ook deur verskeie bykomende uitdagings in die gesig gestaar toe hulle moes reageer op die gevolge van die skielike skuif na volledig aanlyn onderrig en leer tydens die pandemie.

Hierdie uitdagings het ingesluit die bestuur van ʼn verandering in hul onderrigomgewing, die aanpassing en wysiging van leermateriaal en onderrigpraktyke, en om hulself en hul leerders te ondersteun binne die grense van die onderwysbeleide wat hul onderskeie skole beheer het – dit alles terwyl hulle na hul eie welstand en dié van hulle gesinne moes omsien. Daar word ook al hoe meer van onderwysers verwag om aan te pas by die tegnologiese en digitale eise van die Vierde Industriële Revolusie.

Voor die pandemie het studies oor die welstand van onderwysers hoofsaaklik gefokus op onderwysers in ontwikkelde lande, met beperkte fokus op die emosionele welstand en verwante ervarings van onderwysers in die globale Suide, veral in Afrika. Post-pandemiese studies wat op die emosies van onderwysers gefokus het, het gemeld dat opvoeders ʼn groter begrip van hulself, hul studente, hul rol en hul vermoëns ontwikkel het. Daarbenewens het die pandemie uitgelig dat die konteks waarin onderwysers werk, ʼn diepgaande impak op hul onderrigpraktyk het.

Daar bestaan beduidende navorsing oor onderwysersopleiding in Suid-Afrika, maar die unieke emosionele landskap waardeur onderwysers hul weg moet baan, veral nuwelinge in die beroep, word dikwels oor die hoof gesien. Ten spyte van die kollig op algemene welstand sedert die pandemie, kom onderwysers in Afrika oor die algemeen, en spesifiek in Suid-Afrika, voor unieke uitdagings te staan wat hul emosionele welstand beïnvloed. Veral onderwysstudente het te make met ʼn duidelike stel

probleme wat hul welstand in die beroep aansienlik kan beïnvloed. Soos wat hulle die oorgang van student na professionele onderwyser maak, worstel hulle met angs en druk wat verband hou met klaskamerbestuur, skakeling met leerders, voldoening aan kurrikulumverwagtinge en om die kompleksiteite van die onderwysstelsel te navigeer.

Onlangse plaaslike onderwysverwante voorvalle benadruk ’n kritieke leemte in die verstaan van die welstand van onderwysers en die impak van volgehoue en nuwe uitdagings en ervarings op onderwysers in ontwikkelende lande, veral binne die verskillende Suid-Afrikaanse kontekste. Berigte van onderwysers wat deur skoolhoofde en leerders geboelie word, die voortdurende debat rondom die ondertekening van die Wysigingswetsontwerp op Basiese Onderwyswette (Bela) en die onlangse aankondiging deur die Wes-Kaapse Onderwysdepartement oor planne om 2 400 onderwysposte in 2025 te sny, het ’n impak op onderwysers, ouers, leerders en veral onderwysstudente wat voornemens is om die beroep te betree. Hierdie voorbeelde weerspieël die verskeidenheid en kompleksiteit van kwessies wat die welstand van onderwysers in Suid-Afrika op die duur raak en lyk strydig met die huidige realiteit van onvoldoende getalle gekwalifiseerde onderwysers in ons skole.

Gelukkig is navorsing wat oor emosies in onderwys in Suider-Afrika gedoen word, aan die toeneem. ’n Onlangse oorsig van die relevante literatuur het studies uitgelig oor die effek van emosies op onderwysers in die grondslagfase; emosies wat hoërskoolonderwysers raak; emosies en skoolleierskap; emosionele en gedragshindernisse vir leer; emosies van onderwysstudente tydens hul prakties in Suid-Afrikaanse laerskole; en emosionele intelligensie van onderwysers in ons laerskoolklaskamers en in buurlande, soos Botswana. Studies oor die bestuur van emosies, die etiek van sorg, asook spesifieke emosies in Suid-Afrikaanse klaskamers soos aggressie en frustrasie, versterk die dringende behoefte aan verdere navorsing wat die nuanses van die Suider-Afrikaanse konteks in die studie van emosies in die onderwys benadruk.

Aangesien ons spesifiek die toekoms van die onderwysberoep in Suid-Afrika herbedink, is dit noodsaaklik om die langtermyn-effek van die pandemie op leer- en welstandsuitkomste in die klaskamer te ondersoek, asook die gevolglike impak op die welstand van onderwysers. Op die pad vorentoe sal ons moet fokus op kulturele en konteksspesifieke navorsing oor die emosies en welstand van onderwysers as ons hul stemme meer doelgerig wil waardeer. Dit sal help om te benadruk waarom strategieë vir onderwyserswelstand deel moet wees van onderwysersopleiding en onderwysbeleidsoorwegings in Suid-Afrika, spesifiek vir nuwelinge in die beroep.

’n Meer doelbewuste fokus op kultureel relevante en kontekstueel spesifieke professionele ontwikkelingsprogramme oor onderwyserswelstand sal skoolleiers help om doeltreffende ondersteuningstrategieë te ontwikkel wat vir die spesifieke behoeftes van onderwysers in hul unieke plaaslike kontekste pasgemaak is. Voorts sal die ontwikkeling van kultureel en kontekstueel relevante onderwyserwelstandstrategieë wat deur onderwysbeleid ondersteun en geïmplementeer word, tot die algehele welstand van onderwysers en die veerkragtigheid van hul beroep in Suid-Afrika bydra.

*** Dr Shannon Bishop-Swart is ’n dosent in die Departement Kurrikulumstudie aan die Universiteit Stellenbosch.**